

# St. Magnus Van Füssen

## 6 September

(Sterf 772)

Hierdie beminde heilige van Beiere in Duitsland (wat as Sankt Mang in volksmond bekend staan) was 'n dissipel van die beroemde sendeling-monnike, Columbanus en Gall. Hy verkondig die Evangelie in die Allgäu gebied en stig by die Lechrivier die klooster van Füssen op 'n plek wat vandag nog Sankt Mangstritt (voetspoor van St. Magnus) genoem word. Daar is baie verhale oor hom vertel en dit wil voorkom asof hy 'n spesiale verhouding met wilde diere gehad het. Deur sy lewe het die Blye Boodskap van Jesus Christus diep wortel geskiet in die Suide van Duitsland.

© Die Oratorium Uitgewery